

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD

JAAR 16 #7 • 26-09-2008 • YEAR 16 #7

MONTHLY STAFF NEWSLETTER

## R35 miljoen-elektrisiteitskok!

Dubbele pyn wat die hele Universiteit aan die lyf gaan voel. Dit is omtrent hoe die implikasies van die jongste elektrisiteitstarief-verhogings beskryf kan word.

Met ingang Julie vanjaar is die tarief vir die hoofkampus met ongeveer 35% deur die plaaslike munisipaliteit verhoog na aanleiding van Eskom se 14,2%-verhoging in April, asook die verdere verhoging van 13,3% wat op 18 Junie 2008 deur die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) toegestaan is. Vir Bellvillepark en die Tygerbergkampus was die verhogings onderskeidelik 43% en 47%.

Dit bring mee dat die Universiteit se elektrisiteitsrekening van die huidige R26 miljoen per jaar tot net onder R36 miljoen styg – met nog verhogings op die horison. Eskom het reeds aangedui dat nog aanpassings van gemiddeld 20% per jaar oor die volgende drie jaar op die kaart is.

*“Die situasie vra ’n berekende poging van ons almal om ou gewoontes af te leer en heeltemal ’n nuwe benadering en gedrag te openbaar wanneer dit by kragverbruik kom.”*

– PROF LEOPOLDT VAN HUYSTEEN –

Daarby moet die Universiteit, soos alle ander instansies, 10% van sy kragverbruik bespaar as deel van Eskom se poging om landwyd elektrisiteitsverbruik terug te sny ter wille van die herstel van stabiele kragvoorsiening. Indien die Universiteit nie hierdie besparing kan lewer nie, staar hy die moontlikheid van ’n boete van R10 miljoen in die gesig.

Die Stellenbosch Munisipaliteit het reeds ’n tarief van R1,50 per kWh as ’n rantsoeneringstarief aangekondig. Dit

is die tarief betaalbaar indien die Universiteit sy elektrisiteitsrantsoen sou oorskry. Die gewone tarief per kWh is 23c vir grootmaatverbruikers.

“Die tariefverhoging plus die rantsoeneringsboete plaas die Universiteit se beskikbare fondse vir nutsdienste onder geweldige druk. En dis maar die begin. Ek dink wat ons as ’n universiteitsgemeenskap nou moet besef, is dat ons nie meer onverskillig kan wees oor die manier hoe ons elektrisiteit verbruik nie. Die situasie vra ’n berekende poging van ons almal om ou gewoontes af te leer en heeltemal ’n nuwe benadering en gedrag te openbaar wanneer dit by kragverbruik kom,” sê prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Bedryf.

Hy sê die Bestuur van die Universiteit het hierdie saak indringend bespreek en is verbind tot die vereiste 10%-besparing in kragverbruik. ’n Hele aantal maatreëls is reeds goedgekeur vir implementering in al die Universiteit se akademiese/administrasiegeboue, koshuise, kleedkamers en ander fasiliteite (besoek die personeelwebportaal vir meer besonderhede oor hoe die Universiteit sy elektrisiteitsverbruik gaan sny).

Hy wys daarop dat daar ook ’n aansienlike eenmalige besteding nodig is om kragbesparende maatreëls te laat werk. Daar is byvoorbeeld R1 miljoen vir 2009 begroot vir elektrisiteitsbesparende projekte.

“As ’n universiteit is dit nou vir ons ’n groot uitdaging om ons funksies van Leer en Onderrig, Navorsing asook Gemeenskapsinteraksie voort te sit met deeglike inagneming van kragverbruik en die koste-implikasies daaraan



verbonde. Bykomend tot aksies soos die vervanging van gewone gloeilampies met kragbesparende eenhede en die afskakel van ligte in kantore en areas waar dit meestal onnodig brand, moet ons ook met innoverende maniere vorendag kom om ons kragverbruik in ons laboratoria en elders in die navorsingsomgewings beter te bestuur en te benut – en dit geld vir al ons kampusse,” sê prof Van Huyssteen.

In 2006 is die Universiteit, soos baie ander bishede, ontkom gevang deur die kragkrisis wat deur probleme by die Koeberg-kragstasie veroorsaak is. Om te verhoed dat navorsing en onderrig negatief hierdeur beïnvloed word, is

daar besluit om noodkragopwekkers en gaskantelbraaiers in koshuiskombuise teen ’n koste van R18,5 miljoen te laat installeer.

“Uitgawes is geprioritiseer om die voortsetting van onderrig, aflê van toetse en eksamens en voortsetting en bewaring van navorsing te verseker. Twaalf nuwe kragopwekkers is toe geïnstalleer en ’n verdere ses is heraangetrek, terwyl 22 nuwe gaskantelbraaiers in koshuise ingerig is,” sê mnr Dolf Krige, die US se Bestuurder: Elektriese en Meganiese Dienste.

Toe beurtkrag in April 2008 toegepas is, het die US die werklike koste-implikasies van die installering

van hierdie kragopwekkers gevoel. In daardie maand alleen is 14 800 liter diesel gedurende 28 uur se kragonderbrekings gebruik teen omtrent R10 per liter. “Daarbenewens was dit ook ’n logistieke nagmerrie om dieselaanvulling te verseker en moes skaars mannekrag hieraan afgestaan word,” sê mnr Krige.

Uit inligting wat mnr Krige aan *Kampusnuus* beskikbaar gestel het, blyk dit dat nagenoeg 55% van die US se totale kragverbruik deur lugversorging opgeneem word. Hy wys daarop dat dit nie net ’n kwessie is van kantore waar lugversorgers afgeskakel kan word nie, want ’n aansienlike deel van die verbruik lê by lesingsale en laboratoria.

## Hoe kan jy ’n bydrae tot elektrisiteitsbesparing maak?

Een van die maklikste maniere om ’n bydrae te maak tot die Universiteit se elektrisiteitbesparingsinisiatief is om jou kantoorligte af te skakel wanneer jy nie in jou kantoor is nie.

As daar nie beligting in die gange van jou gebou benodig word nie, is dit ook beter om eerder daardie ligte af te skakel. In sekere geboue is daar genoeg natuurlike lig wat die gebruik van kantoorligte oorbodig maak.

Daarby kan jy ook jou rekenaar aan die einde van die werksdag afskakel en al die muurproppe uittrek voor jy huis toe gaan. Rekenaars wat oornag aangeskakel bly, gebruik tot 100 W per uur. Dit klink nie na veel nie, maar as ’n duisend ander gebruikers dieselfde doen, kan dit die Universiteit sowat R3 000 per week ekstra kos.

Ander wenke wat jy as individu kan toepas, sluit die volgende in:

- Gebruik kantoorlugversorging slegs by uitsondering en nie vir langer as twee uur per dag nie.
- Gebruik eerder waaiers, wat minder as ’n tiende van ’n lugversorger se krag gebruik.
- Gebruik verwarmers slegs by uitsondering en nie vir langer as twee uur per dag nie.



## WEN R1 000

*Jou besparingswenke kan kontant in die sak beteken!*

*Kampusnuus* loods ’n elektrisiteitsbesparingsinisiatief ter ondersteuning van die Universiteit se elektrisiteitsbesparingsveldtog. Personeellede word uitgenooi om innoverende energiebesparingswenke met die kampusgemeenskap te deel. En ons praat nie hier van die gewone skakel-jou-ligte-af-soort wenke nie, maar innoverende wenke wat ook op ’n praktiese manier deur ons almal toegepas kan word. Is daar iets interessants wat jy, jou afdeling, eenheid, departement of fakulteit doen om elektrisiteit te bespaar? Watter praktiese stappe het jy al by die huis geïmplementeer om die kragrekening te verminder en kan dit met vrug hier by die Universiteit toegepas word? Stuur alle wenke asseblief voor 13 Oktober aan vir oorweging deur ons paneel beoordelaars, wat spesiaal saamgestel is om die nut en volhoubaarheid van jou wenk te beoordeel.

Die beste wenk sal in Oktober en November met prysgeld van R1 000 beloon word wat jy vir jou eie professionele ontwikkeling in jou omgewing kan aanwend. Kom nou, stuur daardie wenke aan [kampusnuus@sun.ac.za](mailto:kampusnuus@sun.ac.za). Saam kan ons ’n verskil maak! (Die beoordelaars se beslissing is finaal.)



### WENK #1

Skakel ligte af as jy jou kantoor verlaat



### WENK #2

Skakel jou rekenaar af as jy dit nie gebruik nie



### WENK #3

Moenie verwarmers of lugversorging onnodig gebruik nie



### WENK #4

Gebruik energiebesparings-gloeilampe

## VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR



I have always been inspired by former President Nelson Mandela's words: "It is through education that the daughter of a peasant can become a doctor, that the son of a mine worker can become the head of the mine, that a child of farm workers can become the president of a great nation." These words speak to me of the possibility of what often seems impossible.

In my own family, my grandmother – a domestic worker with no tertiary education – taught not only her own children (ten of them in total) the importance of attaining a tertiary education, but also carried that lesson through to her grandchildren. She believed that education made possible what was once impossible, and that it would open up worlds to her children and grandchildren that she herself never had access to.

However, the most important lesson she taught us, was that degrees do not offer a shoulder to cry on and cannot pick you up when you hit rock bottom. She taught us that greatness comes and goes and that titles are just titles. My grandmother, you see, attaches as much importance to people as she does to education.

Who I am today is as much attributable to what I learned during my years in higher education as to my interaction with people from all walks of life, and to what a wise woman with no tertiary educational background taught me.

At this University, we pride ourselves on doing what seems impossible and improving access to education. That is why the front and back pages of this month's newspaper look very different from those of previous editions. The University has heeded the call from Eskom and the government to help the national electricity provider save on electricity consumption over the next four years. This means that our University, like many other businesses in South Africa, will be rolling out a campaign to save 10% on its electricity consumption.

The focus has also been strongly on education this month. The Centre for Teaching and Learning recently held the First Southern

African Conference on the First-Year Experience, which focused on how higher education practitioners could further improve the experience and success rate of first-year students. Read all about this on pages 2 and 4.

The Most Reverend Desmond Tutu, Archbishop Emeritus of Cape Town, who embodies the notion of the impossible being made possible (after all, he did lead a divided nation to reconciliation) has been appointed as patron of the USB's Africa Centre for Dispute Settlement. Read about this as well as some of the achievements in the Faculty of Health Sciences on page 3.

On page 4 you can read about the Casual Day festivities on campus and how staff played the fool just for a day in aid of a national fundraising initiative. We talk to two academics involved in the annual entrepreneurship programme run by our university and Syracuse University in the United States, and find out how this programme is changing the lives of emerging entrepreneurs and students at both institutions (page 5).

This month, we won't be featuring the usual, *Wie, wat en waar* column, but next month it's back to business as usual. However, the small ads (page 6), music concerts and books (page 7) are in their usual spots.

Before I sign off, I'd like to call on all staff to join the *Kampusnuus* editorial team in supporting SU in its endeavours to effect a 10% saving (this translates into 5 200 000 kWh per year) on electricity consumption. If this university's track record is anything to go by, I know that the impossibility of saving that amount of energy is indeed possible.

*hynne*

## Reflections on the First-Year Experience Conference

The First Southern African Conference on the First-Year Experience (FYE) that was held in Stellenbosch recently highlighted a number of interesting issues concerning first-year success rates and the intricacies of coping at varsity. As an organising team we were quite surprised at the amount of interest generated by the conference. This was reflected not only in the number of potential participants and delegates (more than 280 people attended the conference), but also in the amount of media coverage we experienced. The conference, and more specifically the issue of first-year retention rates, featured in a number of local dailies and was a talking point on various local and national radio stations.

Maar waarom gaan dit nou eintlik? Ons ken die realiteit: Ongeveer 30% van alle eerstejaar-

studente in Suid-Afrika verlaat die universiteit reeds binne daardie eerste jaar. Wêreldwyd is soortgelyke tendense te bespeur. En dan is daar die vele studente wat, alhoewel hulle vir hul tweede jaar registreer, dikwels etlike eerstejaarsmodules moet saamsleep. Die rimpeleffek word in stampvol eerstejaarsklasse weerspieël en dra by tot die logistiese en administratiewe lading wat sekere doseerpersonnel op 'n daaglikse basis moet hanteer.

At the conference it became clear that higher education institutions across the country were grappling with similar issues and it was evident that considerable energy and innovation were being directed at meeting the accompanying challenges. Much of what was shared at the conference related to

the need for ongoing curriculum renewal and reform, for raising the status of teaching and, in the words of the keynote speaker, Prof Ian Scott, for "aligning the design of the system with the learning needs of the majority of the (needed) intake".

Die Universiteit is in baie opsigte bevoorreg wat die hele kwessie van die "eerstejaarservaring" betref. Met die Eerstejaarsakademie (EA) is ons ideaal geposisioneer om gestand te doen – en dit geskied reeds op verskeie wyses – aan die mandaat wat aan hoër onderwys gestel is om eerstejaarsukses te verbeter. Ons kollegas aan ander instansies het reeds verskeie kere melding gemaak van die waarde van die sistemiese benadering tot eerstejaarsukses wat die US volg, asook van die ondersteuning wat ons topbestuur verleen. Tog is daar nog vele uitdagings,

veral in die lig van die Universiteit se oorhoofse strategiese mikpunte, wat op leer- en onderrigsake betrekking het.

The 1st Southern African Conference on the First-year Experience has once again put Stellenbosch University on the map, this time as a leader in addressing first-year success. With such recognition, however, comes a responsibility for ongoing critical reflection on our teaching and learning, and for engaging responsively particularly in those areas, such as diversity and inclusivity, where as an institution we still have some way to go.

– Dr Susan van Schalkwyk  
Co-ordinator: First-year Academy

*Kampusnuus wil graag 'n platform skep vir gesprekvoering op die kampus. Menings in artikels, briewe en Kampusklets oppie Rooiplein is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die Kampusnuus-redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.*

### E-POS AAN KAMPUSNUUS@SUN.AC.ZA

## 'n Week hier en daar is net te min

Ek wil eerstens die Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoefte (Gestremdhede) bedank vir die lekker praatjies wat op kampus aangebied is gedurende die Kantoor se Gestremdhedebewusmakingsweek. Dit was lekker om te luister na wat besighede daar buite doen om die werkomgewing meer gebruikersvriendelik vir mense met gestremdhede te maak. Dit was ook insiggewend om te luister na die daaglikse uitdagings waarvoor mense wat gestremdhede leef te staan kom.

Een van die punte wat 'n gasspreker met die gehoor gedeel het, het my diep geraak. Dit was die idee dat omgewings gewoonlik verag dat mense met gestremd-

hede by die omgewing moet aanpas en nie die omgewing by hulle nie. Dat mense beoordeel word nie op grond op hulle bevoegdheid om 'n taak te doen nie, maar op grond daarvan dat hulle 'n spesifieke vaardigheid nie het nie, soos byvoorbeeld dat iemand wat blind is nie 'n direkteur van 'n departement kan word as hy of sy nie kan bestuur nie. Soos die spreker gesê het, hierdie soort vaardigheid is net noodsaaklik as jy vir 'n pos as drywer aansoek doen!

Ná alles wat ek gedurende die Gestremdhedebewusmakingsweek gehoor het, moet ek vra: Waar is die persone met gestremdhede op ons eie kampus? Is hierdie Universiteit werklik 'n tuiste vir almal? Ons het wel studente met gestremdhede wat hier studeer, maar waar is ons personeel met gestremdhede? So ver ek weet, moet die US ook deur middel van sy diensbillikheidsbeleid voorkeur gee aan mense met gestremdhede, maar skep ons hoognaamd die indruk daar buite dat ons 'n instansie is

waar mense met gestremdhede welkom is, en as ons hulle eers aangestel het, dat ons bereid is om werkomgewings aan te pas sodat hulle nie hoef in te pas nie?

Persoonlik dink ek die tyd het al lankal aangebreek dat dit nie meer ongewoon is om aanpassings te maak om mense met gestremdhede te help om hulle werk met gemak uit te voer nie. 'n Week hier en daar om die aandag op mense met gestremdhede en hulle daaglikse stryd om toegang tot geboue, werkseleenthede en parkeerareas te vestig, is veels te min. Ek stem saam met die gassprekers dat daar nie meer 'n persepsie geskep moet word dat mense met gestremdhede tegemoetgekom moet word nie, maar liewers dat ons hulle sodanig moet behandel dat hulle deel word van "Business as usual"!

– Kommerwekkend

Briewe kan gerig word aan die Redakteur: *Kampusnuus*, per e-pos aan [kampusnuus@sun.ac.za](mailto:kampusnuus@sun.ac.za), of met die binnepos aan Kamer B1223, Admin B-gebou, of per faks aan (021) 808-3800. Hoewel briewe op versoek anoniem of met skuilname geplaas kan word, moet skrywers se name en kontakbesonderhede asseblief by die brief ingesluit word. Briewe moet duidelik KAMPUSNUUS BRIEWEBLAD gemerk word. Die beste brief wen 'n prys. Vandeeweek se wenners is proff Amanda Gouws en Rona Newmark vir hulle brief "Waarom is Babin as voorskooldiensverskaffer gekies?"



# HSRC and SU workshop strengthens high-level agreement

Stellenbosch University (SU) and the Human Sciences Research Council (HSRC) conducted a collaborative workshop on Tuesday, 2 September, to roll out plans for co-operation between the two institutions following the signing of a Memorandum of Understanding (MoU) in February.

According to Dr Samadoda Fikeni of the HSRC, who facilitated the day's proceedings at the Wallenberg Research Centre at SU, a key aspect was the fact that "two powerful institutions combined their strengths to make a contribution in the country". According to Dr Fikeni, "the size of the research capacity of the two institutions could easily be on the cutting edge in the country and could have an impact not only on policy making, but on society as a whole in improving the lives of the people in this country and on the continent".

Dr Kwandiwe Kondlo, Executive Director of the Democracy and Governance Programme of the HSRC, said an example of co-operation that already existed was that between the HSRC and the University of Stellenbosch Business School (USB) on a project related to democracy and business.

Prof Izak van der Merwe, Acting Senior Director: Research (Human and Social Sciences), said that the two institutions had entered into the MoU with the purpose to establish "several

future co-operative agreements and to provide a framework for collaboration in selected areas of research, development and administrative initiatives, staff development, student supervision, and sharing of facilities".

According to Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research at SU, it was mutually decided that, for the initiation of the SU/HSRC research collaboration, the focus would be on three transdisciplinary themes, namely Human Capacity Development, Poverty and Employment, and Social Aspects of HIV/AIDS. "The purpose of the workshop was to roll out thematic areas where we would like to encourage the expansion of current collaboration and to develop action plans for the new initiatives."

In terms of research, he said, SU was repositioning itself to inculcate critical thinking, to engage in dialogue and to transform the community. "South Africa has among the highest investments in education in the world, but somewhere the pipeline is blocked. In playing a transformational role, Stellenbosch University wishes to be not only a knowledge partner, but a knowledge pioneer."

Prof van Zyl added that the process of implementation would be assessed and evaluated by a joint Monitoring and Implementation Committee. "This committee formulated specific guide-

lines for setting mutually agreed strategic priorities within the research themes, and for seeking resources for the implementation of the MoU", Prof van Zyl said.

Ms Maryke Hunter-Hüsselmann, Co-ordinator: Research (Human Sciences) at the Division for Research Development, added that the Division at SU was conducting an audit on HIV/AIDS-related research projects at the institution. "The study forms part of a larger national Higher Education Aids programme (HEAIDS) that is being funded by the European Union with a view to develop, facilitate and strengthen institutional structures that will promote collaboration and networking between the role players in the field of HIV/AIDS. Currently, there is a register of almost 250 active SU projects in almost all areas of HIV-related research. It not only confirms the active involvement of SU researchers in this important field of study, but also shows that the University, as a research-orientated institution, is making a remarkable contribution to producing knowledge that is relevant and that can make a difference in the lives of people in Africa. The agreement with the HSRC and specifically the focus on the Social Aspects of HIV/AIDS as one of the areas of collaboration can be seen



Some of the representatives at the workshop were (at the back from the left) Prof Izak van der Merwe, Acting Senior Director: Research (Human and Social Sciences) at the Division for Research Development; Prof Arnold van Zyl, Vice Rector: Research, and Dr Samadoda Fikeni of the HSRC. In front from the left are the Rector, Prof Russel Botman; Dr Olive Shisana, the CEO of the HSRC and Prof Kwandiwe Kondlo, Executive Director of the Democracy and Governance Programme of the HSRC

(Anton Jordaan, SSFD)

as a step forward in strengthening this area of research."

In his opening address, Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of SU, said that Stellenbosch University had purposefully decided to put science behind some of the most pressing needs of our country and the African continent at large. "We have embarked on a programme of research and knowledge pioneering that we popularly refer to as 'science for society'.

"These broad transdisciplinary research areas will lay the foundation for our pedagogy of hope that will be the future hallmark of this university. Incidentally, these crucial themes are strong features of the Millennium

Development Goals of the United Nations and, in this regard, Stellenbosch University is positioning itself at the heart of the international development agenda," he said.

In her response, Dr Olive Shisana, CEO of the HSRC, said that she was pleased to hear that the University was aligning itself with the Millennium Development Goals, as Africa was not only behind schedule in reaching the goals by 2015, but in certain cases going in the opposite direction. "The MoU will greatly assist in turning things around."

For more information please contact Ms Maryke Hunter-Hüsselmann at 021 808 4623 or via e-mail at mh3@sun.ac.za

## Archbishop Tutu patron of USB's Africa Centre for Dispute Settlement

Archbishop Emeritus Desmond Tutu was recently welcomed as the patron of the Africa Centre for Dispute Settlement (ACDS) at the University of Stellenbosch Business School (USB).

Prof Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor of Stellenbosch University, embraced the former Anglican Archbishop of Cape Town and the second South African to be awarded the

Nobel Peace Prize on his arrival at the USB for the first time.

Described as "the ideal person" to be the Patron of the ACDS at the USB, Archbishop Tutu is known for his activism for human rights and campaigns to fight Aids, poverty and racism.

In his short address at the function, Archbishop Tutu said: "There could not be a more apt time for [the establishment of] a centre such as this one. It is an opportunity that would be grabbed by people in Zimbabwe. Climate change is causing fights over grazing in Africa and the Israelis and Palestinians need help."

In addition, he referred to recent violence in schools and the incident of a schoolboy who allegedly killed a fellow learner with a sword in Krugersdorp.

Expressing sympathy towards the family, he said, "Can you imagine what it must be like at that home in Krugers-

dorp, with the son who did what he did? The parents must be sitting there and thinking: 'What did we do that he must be like this?'"

Archbishop Tutu contrasted his experience at a recent United Nations peace mission, that he headed in the war-torn Middle East region, to the work that the ACDS has started to do.

"Nothing could prepare me for what I saw there. God bless the effort that's made [at the USB's ACDS]. We are not giving up. It is like the sun shining through the rain," said Archbishop Tutu.

Prof Barney Jordaan, Director of the ACDS, said the Centre also hopes to create a 'super panel' of international peacemakers such as Archbishop Tutu.

"It is an honour for the ACDS to have Archbishop Tutu as our patron," said Prof Jordaan.

"What makes this Centre unique is

that it is the first time that such an focusing on dispute settlement as an alternative means to expensive will be researched at a South African business school.

"In the UK, 33 billion pounds a year is used for disputes. Even with the awarding of government contracts in South Africa, money is often tied up in legal disputes," said Jordaan.

The ACDS at the USB is an African hub for dispute settlement theory and practice. It addresses the increasing need to settle disputes of all forms at an early stage, using alternative forms of dispute resolution (such as dialogue and mediation).

The Centre, which houses a panel of specialist mediators across a spectrum of disciplines, focuses on research, programme development, teaching and training, as well as consultation regarding dispute system design.



Receiving Archbishop Emeritus Desmond Tutu (second from the left) as patron of the USB's Africa Centre for Dispute Settlement are from left Mrs Wahida Parker, Equillore CEO; Prof Barney Jordaan, Head of the Centre; and Prof Eon Smit, Director of the University of Stellenbosch Business School

## Toptoekennings vir US-uroloë

Die afgelope 24 jaar was die Universiteit Stellenbosch (US) se Afdeling Urologie eerste onder sy akademiese eweknieë – en 2008 was geen uitsondering nie. By die onlangse twejaarlikse kongres van die SA Urologievereniging is dié organisasie se twee toppryse weereens aan lede van die Stellenbosch-afdeling toegeken. Alhoewel sewe van Suid-Afrika se agt mediese skole oor Urologie-departemente beskik, het kliniese assistente en konsultante verbonde aan die US en Tygerberg-hospitaal 21 van die 27 pryse wat oor die afgelope 24 jaar deur die Vereniging toegeken is, gewen.

Die Storz-prys vir die uitnemendste jong uroloog in Suid-Afrika is aan dr André van der Merwe, senior dosent in die Afdeling Urologie van die US/Tygerberg-hospitaal, toegeken.

Die prys word elke twee jaar toegeken en geborg deur die Duitse maatskappy Storz, 'n vervaardiger van endoskopiese instrumente. Die uitvoerende komitee van die SA Urologievereniging kies die prys-wenner op

grond van die ontvanger se prestasie in die eerste tien jaar ná registrasie as 'n uroloog. Die beoordeling word op die aansoeker se publikasies, aanbiedings by kongresse, en ander bydraes tot dienslewering en opleiding in urologie gegrond.

Die eerste Storz-prys is in 1988 aan prof Chris Heyns, huidige hoof van die Afdeling Urologie, toegeken, waarna sewe van die elf ontvangers van die Storz-prys aan die US/Tygerberg-hospitaal verbonde was.

Die Bard-prys vir die beste referaat deur 'n kliniese assistent by die kongres is deur dr Amir Zarrabi, ook van die US/Tygerberg-hospitaal, gewen.

Die prys is aan dr Zarrabi toegeken vir sy referaat getiteld *Computer directed robotic gantry system for gaining precisely targeted needle access to the renal collecting system during percutaneous nephrolithotomy (PCNL)*.

Die projek is onderneem in samewerking met mnr Jean-Pierre Conrardie, 'n MScIng-student in die Departement Meganiese en Megatro-



Dr André van der Merwe

Dr Amir Zarrabi

niese Ingenieurswese by die US, wat die rekenaarprogram geskryf en die robotstelsel ontwerp het. Die borg van die Bard-prys is 'n maatskappy wat weggooibare urologietoerusting vervaardig.

Dr Zarrabi het ook die Nol van Blerk-prys vir sy referaat getiteld *Confirmed versus suspected urogenital tuberculosis in a region with an extremely high prevalence of pulmonary tuberculosis* ontvang. Hierdie prys word deur die SA Urologievereniging toegeken vir die beste referaat deur 'n kliniese assistent wat ook in die vorm van 'n manuskrip geskik vir publikasie ingedien is.

## Internasionale eer vir navorsers

Prof Tommie Victor het onlangs die internasionale Sanofi Pasteur-prys vir uitnemende navorsing oor multimiddelweerstandige tuberkulose ontvang.

Uitnemende navorsing oor multimiddelweerstandige tuberkulose, asook uiters middelweerstandige tuberkulose – 'n siekte wat in die afgelope jare die lewens van 'n groot aantal Suid-Afrikers geëis het – het aan prof Victor van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe spesiale erkenning van die Internasionale Vereniging vir Aansteeklike Siektes besorg.

Prof Victor is onlangs genooi om 'n referaat by die Vereniging se internasionale kongres in Kuala Lumpur, Maleisië, te lewer. Tydens die kongres is die Vereniging se Sanofi Pasteur-prys aan hom oorhandig, spesifiek vir sy uitnemende navorsing oor multimiddelweerstandige tuberkulose (MDR TB) asook uiters middelweerstandige tuberkulose (XDR TB). Hy het ook in 2005 die Rektor se toekening vir voortrefflike navorsing ontvang.

Prof Victor is een van die senior na-



Prof Tommie Victor (regs) ontvang sy toekening by 'n plegtigheid tydens die kongres van die Internasionale Vereniging vir Aansteeklike Siektes

vorsingswetenskaplikes in die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika in die Departement Biomediese Wetenskappe op die Tygerberg-kampus, wat 'n sentrale rol in die vestiging van die US as een van die wêreld se voorste instansies op die gebied van tuberkulosenavorsing gespeel het. Op grond van die werk wat deur hierdie afdeling gedoen is, is dit ook deur die Suid-Afrikaanse regering as 'n 'TB-sentrum van Uitnemendheid' erken.

# US-prof naaswenner in Gemeenskapbouer van die Jaar-kompetisie

Prof Keith Palmer, medeprofessor aan die Universiteit se Departement Elektrië en Elektroniese Ingenieurswese, is onlangs as naaswenner in die *Gemeenskapbouer van die Jaar*-kompetisie aangewys.

Die kompetisie is 'n inisiatief van Old Mutual, die *Sowetan* en die SABC, maar is die geesteskind van wyle dr Aggrey Klaaste, 'n voormalige redakteur van die *Sowetan*. Die rasionaal van die kompetisie is om vrywilligerdiens aan te moedig en erkenning te gee aan individue wat hul tyd vir gemeenskapbou opoffer.

Me Petronelle Henke, Bestuurder van St Joseph, 'n NOAH-huis (*Neighbourhood Old Age Homes*) vir bejaardes in Idasvallei, het prof Palmer vir sy bydrae as vrywilliger en voorsitter van hul dagbestuur die afgelope 11 jaar benoem. Die dagbestuur hanteer beplanning, groot fondsinsamelingsprojekte en onderhoud by die tehuis.

"Sonder mense soos Keith, sal NOAH nie so effektief kan

funksioneer soos dit oor die afgelope 27 jaar gefunksioneer het nie," sê me Henke. "Keith was baie vrygewig in die hoeveelheid tyd wat hy aan die tehuis afgestaan het. Die benoeming is ons manier om sy bydrae te erken en om ons waardering en dankbaarheid te demonstreer," sê me Henke.

St Joseph bied bekostigbare en veilige verblyf aan bejaardes wat nog gesond en onafhanklik is, maar slegs op 'n regeringspensioen aangewese is. St Joseph het in 1996 geopen en akkommodeer 14 bejaarde mans en vroue van alle rasse.

Prof Palmer het in Julie vanjaar 'n tjek van R6 000 namens St Joseph by 'n spogtoekenningsdinee in die Suikerbossie Restaurant in Houtbaai ontvang.

"Ofskoon ons naaswenner is in die kompetisie, bied dit genoeg erkenning vir die rol wat die inwoners sowel as die NOAH-gesin speel," sê prof Palmer.

Hy verduidelik dat hy die eerste maal by die tehuis betrokke geraak het toe 'n vriend hom tydens die bekend-

stelling in 1987 daarvan vertel het. "Ek het besluit om betrokke te raak omdat ek my met NOAH se doelwitte kon vereenselwig, naamlik om benadeelde bejaardes 'n ware tuiste te bied," sê hy.

St Joseph is 'n voorbeeld van die NOAH-model waarvolgens 'n ruim huis aan NOAH geskenk word, en hulle dit weer aan inwoners gee. Die inwoners stig 'n komitee om die daaglikse bestuur van die tehuis te behartig, insluitende aspekte soos huurgeldinvordering (ongeveer 'n kwart van die maatskaplike toelaag), daaglikse huisfinansies, diensterekening, klein onderhoudskwessies, ensovoorts.

Prof Palmer sê: "Ek vind die NOAH-bejaardesorgmodel, wat inwoners hul waardigheid laat behou deur hulle beheer oor hul eie lewe te gee, bewonderenswaardig."

"Ons het die afgelope jaar en 'n half fondse ingesamel om die tehuis in sy geheel op te knap, en die projek is pas afgehandel. Ongeveer R300 000 (75%) is tot dusver ingesamel, en die



Hier staan prof Keith Palmer met die tjek wat hy ontvang het as naaswenner in die Gemeenskapbouer van die Jaar-kompetisie. Saam met hom is inwoners van St Joseph, 'n NOAH-huis (*Neighbourhood Old Age Homes*) vir bejaardes in Idasvallei

(Hennie Rudman, SSFD)

grootste deel daarvan kom uit ons eie gemeenskap. Ons kan werklik trots wees daarop dat NOAH soveel sukses in Stellenbosch behaal het," sê hy.

\*NOAH is 'n program van die Katoelike Welsyn- en Ontwikkelingsagentskap wat gemeenskapsgebaseerde en

kostedoeltreffende behuising aan bejaardes verskaf. Die organisasie het 12 huise, onder andere in Woodstock, Atlantis, Athlone, Parow, Elsievirivier, Rondebosch-Oos, Khayelitsha en Stellenbosch, wat 171 pensioenarisse akkommodeer.

## Academic literacy key in first-year success

"Just in time." This is how Dr Susan van Schalkwyk, co-ordinator of the First-Year Academy (FYA), and Dr Brenda Leibowitz, Director: Centre for Teaching and Learning (CTL), described the first Southern African First-Year Experience Conference that took place in Stellenbosch this month.

"The fact that so many people wanted to attend the conference was an indication that there is huge concern for retention and participation rates among first-year students in South Africa and the rest of the world," explains Dr Van Schalkwyk.

In South Africa alone, the participation rate, which refers to the age group between 18 and 25 from which higher education could typically draw students, is approximately 17%. The Department of Education (DoE) hopes that this will increase to 19% over the next few years. In addition, universities are also struggling to retain those students who do make it through the doors and into the halls of higher education. "There really is no point in increasing the participation rate if the students we enrol are leaving at a rate of 1 in 3 students in the first year," says Dr Van Schalkwyk.

However, the South African picture

is not all doom and gloom. The DoE is lending a helping hand to universities by offering financial support for foundation programmes aimed at first-year students. In addition, funds have also been made available through the Funza Lushaka project to support people who are interested in following a career in teaching.

According to Dr Leibowitz, Stellenbosch University is one of the first institutions in South Africa that initially responded to the crisis of low first-year throughput rates by establishing a First-Year Academy. "We were the first university in this country to look at the first-year experience in a holistic way," she says.

Encouraged by Dr Betty Siegel, a founder member of the International First-Year Experience Movement, it was decided that the University would be the ideal host for the first Southern African conference on this topic. Dr Siegel spent part of her sabbatical at Stellenbosch in 2007. Internationally, a First-Year Experience Conference is held each year, with America, Europe, England and regions such as Australasia also hosting their own regional conferences.

According to Drs Leibowitz and

Van Schalkwyk, specific tracks drew a larger than expected interest from the delegates, in particular discussions on themes such as academic literacy, holistic approaches to the first-year experience, peer support and e-learning.

"The literacy sessions were very full, which leads me to assume that there is huge concern about academic literacy and the ability of students to read and write in an academic setting," says Dr Van Schalkwyk.

They agree that holistic approaches to teaching and learning will require higher education to respond differently to get students and programmes more suitably aligned, and this seems to be of particular interest to higher education practitioners involved in the FYE.

"The expectation has always been that when you enter a university, you must adapt to the university and become like the university. The challenge now is that universities recognise that the experiences that students bring with them to the university have a particular currency of their own," says Dr Van Schalkwyk.

Dr Leibowitz adds that, while there are a lot of ad hoc projects focused on the first year at a number of universities across South Africa, they often do



At the opening of the First-Year Experience Conference from the left are Dr Peter Dietsche from the Ontario Institute for Studies in Education at the University of Toronto; Dr Ludolph Botha, Senior Director: Academic Support at Stellenbosch University; and Dr Brenda Leibowitz. Seated is Dr Betty Siegel.

(Anton Jordaan, SSFD)

not amount to changing the institutional culture of a university or providing first-year students with a different experience of the university.

Some initiatives related to the FYE at Stellenbosch include: early assessment; the welcoming programme; Teaching and Learning Co-ordination points (TLCs) in faculties; the extensive residence mentoring and study programmes run under the auspices of the ResEd programme; an increased roll-out of tutoring and mentoring pro-

grammes; greater student involvement in what happens at the University; and increased attention to improving teaching and learning practices.

"A lot of these initiatives have been happening even before the First-Year Academy was established," explains Dr Van Schalkwyk. "The FYA provides the platform for a more holistic and more systemic approach and it opens up the space for discussions on the first-year experience to take place across a broader spectrum at the University."



Sydney February (links) van die JS Gericke Biblioteek in sy Losliddag-kostuum het die prys vir bes geklede individu gewen en regs verskyn die span van die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling wat die prys vir die bes geklede groep ingepalm het

(Anton Jordaan, SSFD)



## US samel R10 000 in vir mense met gestremdhede

Losliddag by die Universiteit was vanjaar weereens 'n reuse-sukses met personelede en studente wat hul gewig agter dié fondsinsamelings- en bewusmakingsprojek vir gestremdes gegooi en 'n stewige bedrag van R10 000 ingesamel het.

Die vieringe is op die onderste vlak van die Neelsie gehou waar personelede sake in die kompetisie vir die bes geklede groep en individu uitgespook het. Die uiteindelige groepwenner was die Sentrum vir Studentevoor-

ligting en -ontwikkeling (SSVO) met hul uitbeelding van "Laat daar lig wees!". Sydney February van die JS Gericke Biblioteek, kompleet met blonde pruik en bloedrooi lippe, is as die bes geklede individu bekroon.

Losliddag is altyd op die eerste Vrydag van September (vanjaar was dit op 5 September) en dit is die grootste fondsinsamelings- en bewusmakingsprojek in die land vir persone wat met gestremdhede leef. Dit is ook die dag waarop versoek word dat

almal in Suid-Afrika gemaklik, formeel of sommer net verspot aantrek – enigiets anders as hulle normale werksklere. Die tema vir 2008 was "Word wakker!".

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, sê die entoesiastiese deelname van studente en personeel beklemtoon die feit dat die Universiteit 'n kennisvenoot met 'n sosiale verantwoordelikeheidsbesef is.

– LIEZL SCHOLTZ

**Kids party chairs & tables**

Color plastic tables and chairs for children birthday parties for hire.

For children ages 1 to 7 years old.

Bookings to be made 2 weeks before party. For bookings and quotations call Deidre on 073 286 6273

STELLENBOSCH UNIVERSITY SPORT PERFORMANCE INSTITUTE

Stellenbosch University Sport Performance Institute (SUSPI) massage services are suitable for the active sports person in need of recovery, or members of the general public simply looking for some common stress relief!

Rates are as follows: R100 for 30 mins, R140 for 45 mins, or R160 for 60 mins.

Inquiries and bookings:  
tel: 021-808 4731 e-mail: sport@sun.ac.za website: www.suspi.co.za

**WHEEL 'N STEEL BELLVILLE**

GEGRADDEERDE WERKSWINKEL U WAARBORG VIR GEHALTE!

10% PERSONEELAFSLAG

REMME • UITLAATSTELSEL • KOPPELAAR • WIELSPORING • SUSPENSIEWERK

"Ball Joints, Steering Rack, Tie-rod ends" en "wheel bearings"

GROOTDIENS Ingelooit by kwotasie: Vonkproppie, olie, brandstof-, lug- en oliefilters, ghries, enjin skoonspuit, was buitekant en druktoets

ONGELOOFLIKE AANBIEDINGS

SKOKBREKERS **BESTE PRYSE** in die kontrei!

"CV SHAFTS" **BESTE WAARDE** in die mark!

RCS & KOOPHULP Skakel 021 949 2667 Strandstraat 55, Bellville www.wheelnsteel.co.za

FANTASTIC INVESTMENTS

RENTALS

BOSCHEN PARK

Bachelor Apartment – R3 500  
2-BEDROOM & 2-BATHROOM APARTMENT – R6 000

LUXURY UNITS WITH BALCONY  
250m from campus

Secure basement parking & lifts; Electronic access control & intercom  
Pre-paid electricity; 24/7 Broadband internet (modem free)

CALL US NOW !!

MARK BARNARDO 082 550 8771 mark@fantasticinvestments.co.za  
LYNETTE BARNARDO 082 570 9127 lynette@fantasticinvestments.co.za  
OFFICE (021) 557 1792 info@fantasticinvestments.co.za  
WEBSITE www.fantasticinvestments.co.za

Finishes

- Overhead kitchen cupboards • DEFY 600 Slimline hob & extractor
- Granite counter top • Tiles throughout • Woodgrain finish cupboards

# Empowerment programme benefits emerging entrepreneurs

Each year, Stellenbosch University (SU) in conjunction with Syracuse University in the United States, hosts an Entrepreneurship Empowerment in South Africa (EESA) programme for previously disadvantaged emerging entrepreneurs. The programme aims to help up-and-coming entrepreneurs overcome challenges small businesses in this country face. *Kampusnuus* met with Dr Retha Scheepers from the Department of Business Management at SU and Prof Larry Bennett of the Whitman School of Management at Syracuse University to talk about the success of the programme.

The hands-on entrepreneurship programme that focuses on sustainable economic development, entrepreneurship, mentoring and business consulting is supported by agencies such as The Business Place, Western Cape Business Opportunities Forum (WECBOF), NICRO and Learn to Earn.

Students from various disciplines are recruited into the EESA programme to form consulting teams that provide skills ranging from marketing, developing company logos and identities, to financial planning and assistance with tender application processes to the entrepreneurs. "We get a wide variety of students from engineering to psychology, sociology and even law," Dr Scheepers explains. "That is the strength of the programme. We are able to draw on a wide range of skills from these students."

The students attend lectures by internationally renowned academics and practitioners and then have to identify and prioritise the needs of client entrepreneurs. "They must make

